

Sing vooraf staande: Psalm 18:10, 11 (p. 74)

- 10 Die HEER het my, trots hul geweld, / na my geregtigheid vergeld;
en na die reinheid van my hand / doen Hy sy woord aan my gestand.
Ek het nie, aan sy stem ontrou, / sy pad verlaat, aan hul gelyk,
wat goddelooslik af wou wyk, / maar het my aan sy spoor gehou.
- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:4 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 19:4, 6 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: Psalm 51

Teks: Psalm 51:10, 16; Kategismus Sondag 41

(51:12) Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. (Psalm 51:10 AFR1953)

Red my van bloedskulde, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. (Psalm 51:16 AFR1953)

Die Here beskou kuisheid so uiters belangrik dat Hy een van sy tien wette daaraan wy: Jy mag nie egbreek nie.

- Onkuisheid is 'n sonde van die hart.
- Dawid het hierdie ding baie goed verstaan, daarom bid hy dat die Here tog asseblief sy hart rein moet maak.

Om 'n rein hart te hê kan geen mens in sy eie krag regkry nie.

- Dis nou een ding wat buite ons bereik is.
- Ons kan vuil klere uittrek en skoon klere aantrek en ons kan 'n vuil huis uitskrop en skoonmaak, maar ons kan nie self ons harte rein maak nie.
- Dis waarom Dawid bid: **Skep vir my 'n rein hart, o God!**

Dis nogal opvallend dat hy nie bid dat die Here sy hart moet **rein maak** nie! Hy vra vir totale herskepping: **Skep** vir my 'n rein hart, want hy weet dat sy hart allesbehalwe rein is.

Wat vra hy (wat vra ons!)? Hy vra 'n ander hart – 'n ander gesindheid!

- Die Here moet asseblief in sy binnekant 'n gesindheid skep wat nie meer bevlek is met allerhande vuil luste en bose gedagtes nie.
- Die Here moet asseblief in sy binneste 'n gees skep wat nie meer oor hierdie sonde struikel nie!

Alle gebooie maak by 'n ware gelowige die drang wakker om te bid.

- Maar hierdie gebod doen dit soveel meer omdat dit die diepste omgang tussen ons en die Here en tussen ons en ons medemense raak.

Dawid het juis hierdie psalm geskryf nadat hy oor hierdie gebod gestruikel het.

'n Psalm van Dawid, (51:2) toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het. (Psalm 51:1-2 AFR1953)

Hy skryf ook juis hierdie psalm omdat hy sy sonde ingesien het. Dis waarom hy twee dinge doen:

- Hy bely sy sonde voor die Here, en
- hy smeek die Here om hom sy sonde te vergewe.

Berou doen nogal dié ding dat dit ons bang maak dat ons weer sal struikel en dieselfde sonde doen!

- Dit maak ons bang vir enige onheilige optrede omdat die pyn van hoe die sonde se gevolge jou verstik, diep vassteek.

Dis net iemand wat nie 'n lewende verhouding met die Here het nie, wat sal weier om tot bekering te kom en wat al hoe dieper in die sonde sal ingroei.

'n Voorbeeld van so 'n man is Lameg wat uit die geslag van Kaïn is.

- Hy is die eerste mens van wie ons lees dat hy twee vrouens gehad het.
- Die Here openbaar dat die feit dat hy twee vrouens gehad het, maar net die simptoom van 'n baie dieperliggende stuk kwaad was wat in die man gelê het:

En Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. (Genesis 4:23 AFR1953).

'n Gelowige wat in hierdie sonde val, sal nie soos hierdie Lameg optree nie.

- Hy sal dadelik na die Here toe teruggaan en gaan smeek dat die heiligheid wat hy prysgegee het, weer deur die Here in hom bewerk moet word.
- Kyk net hoe bid Dawid in vers 4: Die Here moet hom **skoon was** – want hy voel vuil oor sy sonde.

Was my heeltemal van my ongeregtheid en reinig my van my sonde.
(Psalm 51:4 AFR1953)

Die probleem met egbreuk is dieselfde as met enige ander sonde: al word jy witter as sneeu, kan jy weer bevlek word as die Here jou nie verander nie.

- Daarom is dié gebed, dat die Here self vir elke mens 'n rein hart moet skep, so belangrik.
- Die rein hart wat God skep, sal blywend en standhoudend wees.
- Ons eie mensgemaakte rein harte gaan nie ver kom nie.

So 'n hartsverandering wat deur God bewerk word, is noodsaaklik, want die Here het alle onkuisheid vervloek. Dink hiervoor maar net aan wat in Levitikus 18 geskryf staan:

24 Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf. 25 So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspuug. 26 Maar julle moet my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie die kind van die land of die vreemdeling wat onder julle vertoef. 27 Want die mense van die land, wat voor julle gewees het, het al hierdie gruwels gedoen, en die land het onrein geword. 28 Laat die land julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was. 29 Want almal wat enigeen van hierdie gruwels doen die siele wat dit doen, moet uitgeroei word onder hulle volk uit. (Levitikus 18:24-29 AFR1953)

Die Here Jesus het dieselfde ding gesê in Markus 7:

21 Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, 22 diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. 23 Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. (Markus 7:21-23 AFR1953)

Sulke lelike dinge kan dus net gedoen word deur wie se hart – ten minste in daardie stadium – onrein is.

Waarom moet ons rein wees en alle sondes – ook onkuisheid – uit ons lewens uitsny?

- Omdat iemand met 'n rein hart en 'n rein lewe 'n opregte mens is.
- In so 'n mens met so 'n liggaam woon God die Heilige Gees graag.

Die verandering van hart kom deur die genade wat ons deur die kruis van die Here Jesus ontvang.

- Die herskepping sluit ook verandering van ons lewenstyl in.
- Die Heilige Gees verander ook ons drifte en drange sodat dit vry kan wees van sondes en luste wat die eer van God en ons naaste skend.

Deur die versoening van die Here Jesus ontvang ons dieselfde genade wat Dawid gekry het – vergifnis van ons oortredings. Daarom kon hy ná Psalm 51 Psalm 32 skryf:

**Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.**
(Psalm 32:1a Beryming)

Om in hierdie sonde te val, is erg. Maar om in ongeloof en onbekeerlikheid hierdie kwaad te ontken en dan sonder berou daarin te volhard, is erger.

Benut daarom die genade wat ons almal in die Here Jesus het, en ons lewe kuis en eerlik. Ons sorg dat ons liggame heerlike tempels is waarin God die Heilige Gees met vreugde wil woon.

Kom ons lees saam wat in ons belydenis, in die Heidelbergse Kategismus Sondag 41, oor egbreuk en onkuisheid geskryf staan:

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).
(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons al twee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).
(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Amen

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:3 (33:3)

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 31 Oktober 2010